# Hoofstuk 2
# Definisie van sleutelbegrippe vir die doeleinde van hierdie studie

## 2.1 Inleiding

Die doel met hierdie hoofstuk is om bepaalde begrippe te definieer soos dit verder in die studie gebruik gaan word. Dit word gedoen omdat daar sekerlik ánder of méér betekeniswaardes aan van die begrippe geheg sou kon word, maar aangesien die studie ten doel het om voluit 'n studie vanuit die Woord van God te wees, sal alle sleutelbegrippe skriftuurlik begrond en omskryf word.

Om elke sleutelbegrip wat ondersoek gaan word, volledig aan die hand van die toepaslike teksvers te omskryf, is egter 'n te groot opgawe vir die doeleindes van 'n studie wat vanuit die Diakoniologiese vakgebied onderneem is. Daar sal nietemin wat betref die aspek van verandering 'n studie van Romeine 12:2 onderneem word. Die begrip "verandering" soos in hierdie teksvers ingespan, sal eksegeties ondersoek word, waarna verskillende verklaarders se begrip en interpretasie van en menings oor dié teksvers teenoor mekaar gestel en vergelyk sal word.

Dieselfde werkwyse sal by 'n ondersoek na die begrip "denke" gevolg word, asook na die konsep van "vernuwe"/"nuut word", soos dit in Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 gebruik word. Daar sal met gemelde ondersoeke veral gepoog word om vas te stel waarom juis **die denke** die aspek is wat telkens vernuwe moet word. Daar sal ook eksegeties bepaal word of daar enige betekenisraakvlakke tussen die begrip "vernuwe" en "verander" bestaan.

Ter wille van duidelikheid word dit hier uitgelig dat die keuse van die twee teksverse doelgerig is. Die keuse is nie gedoen om in diepte eksegese oor die twee verse te doen nie, maar om die begrippe soos hierbo aangedui en soos dit verder in die hoofstuk ontplooi, eksegeties te ondersoek, omdat die begrippe vir die onderhawige studie se doeleindes belangrik is.

Alvorens hierdie sleutelbegrippe egter ondersoek word, moet daar afdoende bepaal word wat met die kernbegrip "gemeentebou" bedoel word, veral omdat dié begrip nêrens in die Bybel voorkom nie. Die sentrale tema van hierdie studie is juis die vraag **of**, en indien wel, **hoe** gemeentebou instrumenteel kan wees daarin om lidmate vir verandering toe te rus, veral in soverre dit die korrekte bestuur en hantering van verandering binne en buite die Kerk en sy gemeentes aangaan. Anders gestel: of gemeentebou dié instrument kan wees aan die hand waarvan lidmate só op verandering voorberei kan word dat dit hulle nie omvêrgooi nie, maar dat hulle dit tot voordeel van die Kerk en tot eer van die Here sal bestuur.

Voordat die sleutelbegrippe uit die Woord van God, en spesifiek aan die hand van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23, ondersoek word, sal 'n oorsig van die struktuur van dié twee briewe gegee word. Dit word gedoen ten einde die teksgedeeltes binne konteks te beskou, te hanteer en uiteindelik te verstaan.

## 2.2 'n Evaluering van die struktuur van die brief aan die Romeine en Efesiërs

Dit val ongelukkig nie binne die reikwydte van hierdie studie om 'n volledige evaluering van die strukture van die *Brief aan die Romeine* en dié aan die gemeentes van Klein-Asië, oftewel die *Brief aan die Efesiërs*, te onderneem nie. Die rede waarom die struktuur van dié twee briewe wel kortliks ondersoek gaan word, is om die teksverse, te wete
Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23, wat verder in die studie hanteer gaan word, binne die breër konteks van dié briewe te plaas en te verstaan.

### 2.2.1 Die breë struktuur van die *Brief aan die Romeine*

Hoewel daar 'n redelike verskeidenheid van indelings van die *Brief aan die Romeine* bestaan, sal daar nietemin aangetoon word dat die struktuur daarvan duidelike ooreenstemming toon met die indeling van Romeine 12:1 tot en met 15:13 as synde by uitstek dié gedeelte waarin die gelowige opgeroep word om, uit dankbaarheid vir wat God

deur Christus vir hom/haar bewerk het, sy/haar lewenswyse dienooreenkomstig te verander. Daar word vervolgens na van dié indelings van die *Brief* gekyk.

Ridderbos (1959: 21) verdeel die *Brief* in sewe hoofdele, naamlik:

1. Inleiding – 1:1 - 17.
2. Geen saligheid buite die evangelie moontlik nie – 1:18 - 3:20.
3. Die geregtigheid uit die geloof – 3:21 - 5:21.
4. Die lewe uit die geregtigheid deur die geloof – 6:1 - 8:39.
5. God se weg met Israel – 9:1 - 11:36.
6. Paranetiese gedeelte – 12:1 - 15:13.
7. Groete en persoonlike mededelings – 15:14 - 16:27.

Vers 12:1 tot 15:13 word hier as die paranetiese gedeelte aangedui.

Barrett (1991: 14-15) se indeling sien op sy beurt soos volg daar uit:

1. Inleiding – 1:1 - 1:15.
2. Oorgang – 1:16 - 1:17.
3. Die evangelie van God se regverdigheid – 1:18 - 4:25.
4. Die reikwydte en uitvloeisels van die regverdigmaking – 5:1 - 8:9.
5. Die ontrou van Israel en die trou van God – 9:1 - 11:36.
6. Die Christen se lewe in die besonder en in die algemeen – 12:1 - 15:13.
7. Gevolgtrekkings – 15:14 - 16:27.

Hoofstuk 12:1 tot 15:13 word dus weer eens as 'n eenheid gesien waarin die paranese aangedui word, of dan 'n eenheid waarin die lewenswyse uiteengesit is waartoe gelowiges opgeroep word.

Nygren (1978: 41) verdeel die *Brief* op sy beurt in vier hoofdele, naamlik:

1. Hoofstuk 1:18 tot 4:25, met die titel *Hy wat deur die geloof geregverdig is.*
2. Hoofstuk 5:1 tot 8:39, getiteld *Hy wat deur die geloof geregverdig is, sal lewe.*

3. Hoofstuk 9:1 tot 11:36, onder die opskrif *Die geregtigheid deur die geloof is nie teen die belofte van God nie.*
4. Hoofstuk 12:1 tot 15:13, getiteld *Die lewenswandel van die mens wat deur die geloof regverdig verklaar is.*

   Ook Nygren beskou hoofstuk 12:1 tot 15:13 dus as 'n eenheid, hoewel hy dit tog ook losweg in twee dele verdeel. Dit word dan ook uitgewys as die dankbaarheid wat gelowiges in hul lewens teenoor God moet betoon.

Nóg iemand wat die *Romeine*-brief in vier dele verdeel, is Blomberg (2006: 236), hoewel dit tóg van dié van Nygren verskil. Blomberg se indeling lyk naamlik soos volg:

1. Inleiding – Hoofstuk 1:1-15.
2. Die teologiese uiteensetting van die evangelie – Hoofstuk 1:16 - 11:36.
3. Die etiese implikasie van die evangelie – Hoofstuk 12:1 - 15:13.
4. Samevatting – Hoofstuk 15:14 - 16:27.

Net soos Nygren beskou Blomberg hoofstuk 12:1 tot 15:13 as 'n eenheid, hoewel hy dit verder in kleiner onderdele indeel; nogeens 'n aanduiding daarvan dat dié gedeelte van die *Brief aan die Romeine* die gelowige oproep om dankbaar te reageer op dít wat God in en deur Christus uit genade vir hom/haar gedoen het.

Coetzee (1980: 64-67) se indeling sluit nou by Nygren s'n aan, hoewel dit uit 'n vyfdelige indeling bestaan:

1. Geen mens is regverdig nie – dus, *'n Klagstaat:* 1:18 - 3:20.
2. God bewerk regverdigheid deur die geloof in Christus of, soos Coetzee dit noem, *Die uitspraak:* 3:21 - 4:25.
3. Wie deur die geloof geregverdig is, sal lewe (5:1 - 8:39), wat Coetzee *Die vonnis* noem.

4. Israel word (ondanks sy ontrou) as voorbeeld van God se trou voorgehou, en dít juis danksy die regverdiging deur die geloof – 9:1 - 11:33.
5. Die lewenswandel van die gelowige, oftewel *'n Lewende dankoffer:* 12:1 - 15:13.

Ook hiér word hoofstuk 12:1 tot 15:13 beskou as 'n aanduiding van hoe die gelowige dankbaar reageer op dít wat God uit genade deur Christus vir hom/haar bewerk en gedoen het.

In sy indeling maak Aletti (2001: 1798) op sy beurt gebruik van 'n indeling wat uit ses hoofdele bestaan, wat soos volg daar uitsien (in Nederlands deurgegee):

1. *Adres*: 1:1-7.
2. *Exordium*: 1:8 - 4:25.
3. *Probatio*: 5 - 11.
4. *Vermaninge*: 12:1 - 15:13.
5. *Besluit*: 15:14-21.
6. *Nieuws en slotgroet*: 15:22 - 23 en 16:1-27.

Die bostaande indeling verteenwoordig weer eens 'n indeling waarin hoofstuk 12:1 tot en met 15:13 as 'n eenheid aangetoon word, waarin hy dít wat die mens in antwoord op wat God uit genade deur Jesus gedoen het, as vermaninge aandui. Hierdie vermaninge sal dan die dankbaarheidsreaksie wees wat die mens tot eer van God uitleef.

In *Die Bybel in Praktyk* hou Vosloo en Van Rensburg (1993: 1724, reds.) die volgende indeling vir die *Brief aan die Romeine* voor:

1. Aanhef – 1:1 - 1:7.
2. Danksegging – 1:8 - 1:12.
3. Aanloop tot hoofbetoog en -tema – 1:13 - 1:17.
4. Almal skuldig, maar wie glo, word vrygespreek – 1:18 - 4:25.
5. As vrygespreektes is gelowiges nuwe mense – 5:1 - 8:39.
6. Die posisie van die Joodse volk – 9:1 - 11:36.
7. Christenskap in die praktyk – 12:1 - 15:13.
8. Mededelings – 15:14 - 15:33.

9. Slot – 16:1 - 16:27.

Ook in die voorafgaande indeling word hoofstuk 12:1 tot 15:13 as 'n eenheid voorgehou waarin beklemtoon word hoe Christene in die praktyk in die wêreld moet lewe.

Die indeling deur Radmacher, Allen en House (2007: 1 765) lyk in die meeste gevalle soos dié van Vosloo en Van Rensburg, maar toon tóg klein verskille. Die indeling wat hulle voorstel, lyk soos volg:

1. Aanhef – 1:1 - 7.
2. Danksegging en gebed – 1:8 - 17.
3. Geregtigheid word benodig – 1:18 - 3:20.
4. Regverdigheid toegereken – 3:21 - 5:21.
5. Regverdigheid verdien – 6:1 - 8:39.
6. Regverdigheid verdedig – 9:1 - 11:36.
7. Regverdigheid in die praktyk uitgeleef – 12:1 - 15:13.
8. Paulus se verdere planne – 15:14 - 33.
9. Persoonlike boodskappe – 16:1 - 27.

In bostaande indeling word hoofstuk 12:1 tot 15:13 ook as groter eenheid voorgehou, met as aanduiding dat hier praktiese riglyne vir die lewe van gelowiges aangegee word.

'n Indeling wat baie soos dié van Vosloo en Van Rensburg daar uitsien, is dié van Mohrlang (2007: 10-15). Sy indeling lyk soos volg:

1. Inleiding – 1:1 - 17.
2. Die universele nood om verlossing – 1:18 - 3:20.
3. God se gawe van verlossing – 3:21 - 5:21.
4. Besware teen die Goeie Nuus – 6:1 - 7:25.
5. Die krag en glorie van die Nuwe Lewe – 8:1 - 39.
6. Die Jode en die Goeie Nuus – 9:1 - 11:36.
7. Die uitleef van die Goeie Nuus – 12:1 - 15:13.
8. Slotgedagtes – 15:14 - 16:27.

Ook hierbo sien ons dat hoofstuk 12:1 tot 15:13 as 'n eenheid beskou en voorgehou word.

Osborne (2004: 24-26) se indeling is meer gedetailleerd, en sy hoofindeling lyk soos volg:

1. 1:1 - 17 – Paulus stel sy missionêre taak en die evangelie bekend.
2. 1:18 - 3:20 – Die mensdom se universele sondigheid.
3. 3:21 - 8:39 – Die verlossing deur God wat deur geloof verkry word.
4. 9:1 - 11:36 – Paulus verdedig God se verbond, wat nou ook heidene insluit en nie net Jode nie.
5. 12:1 - 15:13 – Die lewe deur die Heilige Gees beheers.
6. 15:14 - 16:27 – Paulus se slot.

*Die Bybellennium* eenvolume-kommentaar onder redaksie van Vosloo en Van Rensburg (1999: 1 448) gee ter indeling vir die *Brief aan die Romeine* die volgende deur:

1. Inleiding – 1:1 - 1:17.
2. Noodsaak van vryspraak – 1:18 - 3:20.
3. Hoe die vryspraak op verrassende wyse bewerk is – 3:21 - 4:25.
4. Wat die vryspraak van God inhou – 5:1 - 15:13.
5. Die slotdeel, wat mededelings, toekomsplanne en groete insluit – 5:14 - 16:27.

Hier word wel 'n verdere, fyner indeling van hoofstuk 5:1 tot 15:13 gemaak, en van belang vir hierdie studie is om aan te dui dat daar in dié verdere indeling, naamlik hoofstuk 12:1 tot 15:13, aangedui word dat daar by gelowiges in die Christelike lewenspraktyk opofferende liefde gesien moet word.

'n Laaste indeling waarop hier gewys word, is dié van Keck (2005: 23). In sy werk word drie dele van die *Brief* uitgelig en elke deel word soos volg met sy eie tema aangedui:

1. 1:16 - 8:39 – 'n Verklaring van die evangelie en Christelike bestaan.

2. 9:1 - 11:36 – 'n Bespreking van Israel en die nasies in God se doel.

3. 12:1 - 15:13 – Verskeie vermanings, opgevolg deur uitgebreide advies gefokus op een aspek, naamlik godsdienstig goedgekeurde waarnemings.

Selfs vanuit dié drie afdelings waarna Keck verwys, is dit duidelik dat hoofstuk 12:1 tot 15:13 'n eenheid vorm wat gefokus is op die lewe waartoe gelowiges uit dankbaarheid moet kom.

#### 2.2.1.1 Samevatting

Vir die doel van hierdie studie is afdoende aangedui dat Romeine 12:1 tot 15:13, waarbinne Romeine 12:2 as sleutelvers val, as 'n eenheid beskou word. Hier gaan dit in hoofsaak daarom dat gelowiges, op grond van die regverdigmaking wat God deur Christus uit genade vir hulle bewerk het en waarin hulle deur die geloof mag deel, 'n bepaalde lewenswyse moet openbaar en, meer spesifiek, dan hul Christelike geloof moet uitlewe (Morris, 1992: 431). Dit is 'n lewenswyse gekenmerk deur dankbaarheid teenoor en erkenning aan God en daarom aan Christus, vir wat Hy vir die mens gedoen het.

Die struktuur van hoofstuk 12:1 tot 15:13 kan só vasgestel word (Osborne, 2004: 26):

12:1-2 – Die Christen se lewe as volkome metamorfose.

12:3-8 – Diens tot voordeel van mekaar.

12:9-21 – Liefde prakties uitgeleef.

13:1-7 – Onderwerping aan gesag.

13:8-10 – Liefde as vervulling van die Wet.

13:11-14 – Lewe in lig omdat Christus weer kom.

14:1-12 – Die opdrag om onderling verdraagsaam te wees.

14:13-23 – Die sterkes in geloof moet dié wat nog swak is, help om nie te struikel nie.

15:1-6 – Dra mekaar se laste, veral dié s'n wat nog swak in geloof is.

15:7-13 – Wedersydse aanvaarding van mekaar.

Dit is miskien nodig om daarop te wys dat al die sake wat hier ter sprake kom, ondergeskik staan aan die kwessie rondom metamorfose. Daaruit kan afgelei word dat metamorfose **noodsaaklik** is om aan die eise van God, soos in hoofstuk 12:1 tot 15:13 vervat, te voldoen. Om hierdie rede sal die saak van metamorfose wél eksegeties nader ondersoek word.

### 2.2.2 Die breë struktuur van die brief aan die gemeentes in Klein-Asië, oftewel die *Brief aan die Efesiërs*

#### 2.2.2.1 Inleiding

Feitlik al die bronne wat met die oog op hierdie studie geraadpleeg is, hanteer dié brief asof dit in twee hoofdele uiteenval. By húl behandeling daarvan verwys Vosloo en Van Rensburg (1999: 1 564), asook MacDonald (2001: 1 941) en Blomberg (2006: 307), na vier hoofdele, maar tóg verskil hulle nie met ander bronne daaroor dat die brief twee kernsake aan die orde stel nie. Op dié twee kernaspekte, wat in al die bronne na vore kom en beklemtoon word tot voordeel van die Kerk op aarde, sal die klem vervolgens ten opsigte van die indeling val, omdat dit wel deeglik verantwoordbaar is.

#### 2.2.2.2 Die indeling van die *Brief aan die Efesiërs*

Soos reeds hierbo aangetoon, verdeel die meeste skrywers oor en verklaarders van die *Brief aan die Efesiërs* dit in twee hoofdele, naamlik hoofstuk 1 tot 3 en 4 tot 6. As verwysings hier word genoem Simpson en Bruce (1973), Grosheide (1960), Greijdanus (1962), Calvyn (1979b), Hendriksen (1976), Phillips (1993), Floor (1995), Liefeld (1997), Hoehner (2008) en Radmacher en andere (2007).

Só verwys Floor (1995: 3) na die eerste deel as *De rijkdom van de Kerk* en na die tweede deel as *De roeping van de Kerk.* Phillips (1993: 9-17) definieer op sy beurt die eerste gedeelte as synde *The Christian and his blessings* en die tweede gedeelte as *The Christian and his behavior.* Calvyn (1979b: 5) beskryf die eerste drie hoofstukke as dat dit handel oor lof vir en erkenning aan God se genade wat Hy in sy Seun aan mense bewys het. Hoofstuk 4 tot 6 beskryf hy (1979b: 6) as praktiese riglyne vir gelowiges se lewe en vir die Kerk.

Greijdanus (1962: 15-16) noem hoofstuk 1:3 tot 3:19 die *Leerstellige gedeelte* en hoofstuk 4:1 tot 6:20 die *Vermanende gedeelte.* Vosloo en Van Rensburg (2001: 1 822) verwys, soos hierbo vermeld, met hul vier hoofdele-indeling nes dié in *Die Bybellennium*, na 1:3 tot 3:21 as *God se verlossende werk* en na 4:1 tot 6:20 as *Oproepe op grond van God se verlossende werk.* Blomberg (2006: 307), waarna hierbo verwys is en wat ook 'n vierindeling onderskryf, verwys na 1:3 tot 3:21 as die teologiese verklaring wat die geestelike voorregte van die Kerk bevat waardeur eenheid onder gelowiges moontlik is. Hoofstuk 4:1 tot 6:20 beskou hy dan as die geestelike verantwoordelikheid van die Kerk, en deel van hierdie verantwoordelikheid is om eenheid onder gelowiges te bewerk en te bevorder.

Hoofstuk 1:3 tot 3:21 word deur Liefeld (1997: 14) as 'n "doktrinale" gedeelte omskryf, terwyl hy na 4:1 tot 6:20 as die "praktiese" gedeelte verwys. MacDonald (2001: 1 941), wat ook die vierindeling gebruik, verwys na hoofstuk 1:3 tot en met hoofstuk 3:21 as *Christus, de kerk en de openbaring van Gods plan.* Dit word dan as deel 1 aangedui, en deel 2 (hoofstuk 4:1 tot en met hoofstuk 6:20) noem hy *Etische vermaningen.*

In hul indeling van die *Brief aan die Efesiërs* in twee dele noem Radmacher, Allen en House (2007: 1 859) die eerste deel (wat uit hoofstuk 1:1 tot 3:21 bestaan) *Die leerstellings vir lede van Christus se liggaam.* Die tweede deel (wat uit hoofstuk 4:1 tot 6:24 bestaan) noem hulle *Die pligte van die lede van Jesus se liggaam.* Die punt is

egter dat, nes al die ander hierbo aangehaal, hul indeling ook uit twee hoofdele bestaan, ingevolge waarvan hoofstuk 4:23 binne dié deel geplaas word wat handel oor die pligte wat lidmate moet nakom.

Nog 'n bron wat die *Brief aan die Efesiërs* in twee hoofdele verdeel, is Hoehner (2008: 24-25). Hy beskryf hoofstuk 1:1 tot 3:21 as *The Calling of the Church* en hoofstuk 4:1 tot 6:24 as *The Conduct of the Church*.

En dan, nader aan teksvers 4:23, wat in die onderhawige studie eksegeties beoordeel sal word, word hoofstuk 4:20-32 aangedui as beskrywing van hoe die nuut herskepte mens daar uitsien.

#### 2.2.2.3 Samevatting

Dit blyk uit die voorgaande dat die eerste hoofgedeelte handel oor die werk wat God in belang van sy kinders en die Kerk doen. Dit gaan dus oor die verlossingswerk waaraan die Kerk sy ontstaan, bestaan en voortbestaan te danke het. In die tweede hoofgedeelte word die Kerk opgeroep om in dankbare reaksie daarop te dóén, te lééf en te wérk. Dit kan ook in die vraende vorm gestel word: Wat is nou die dankbare antwoord van die Kerk op dít wat God gedoen het – die "roeping" van die Kerk (Floor, 1995: 30)? Gutzke (1975: 100) vat dit goed saam as hy sê: *Chapters 1 to 3 deal with what God has done for believers; (whilst) chapters 4 to 6 deal with what the believer could and should do for God.*

Hendriksen (1976: 266) plaas nóg groter klem op dié indeling as hy daarop wys dat 4:17 tot 6:9 (die raamwerk rondom die teksvers wat in hierdie studie bestudeer word) saamgevat kan word as die wonderlike vernuwing van die Kerk van die Here. Hierdie vernuwing, wat as 'n radikale en ingrypende verandering deur die werk van Jesus beskou word, moet daartoe lei dat die Kerk, of dan Christene, se geestelike moraliteit duidelik uitstaan (Liefeld, 1997: 111); dit wil sê, dat die Christelike lewe – 'n nuwe lewe waaruit beter omgang met alle mense en in alle menseverhoudings sigbaar word – sentraal sal staan. Dat dit nie altyd maklik sal gaan nie, word weerspieël deur die stryd waarteen gelowiges gewaarsku word, maar waarvoor hulle tóg

die volle wapenrusting (Efesiërs 6) van God ontvang om staande te kan bly.

Ten einde Efesiërs 4:23 in nóg meer besonderhede te bestudeer, word hier nou in kort 'n fyner indeling van hoofstuk 4:1 tot 6:20 gegee, en dit veral aan die hand van Floor (1995: 30) en Farmer (1998: 1 671) se indeling van die tweede gedeelte van die *Brief aan die Efesiërs*.

1. 4:1-16 – Die Christelike lewe word gekenmerk deur saam te groei.
2. 4:17-24 – Die Christelike lewe is 'n núwe lewe.
3. 4:25 - 5:5 – Die nuwe wyse van omgang met mekaar.
4. 5:6-21 – Om die "lig-wees in Christus" reg te gebruik.
5. 5:22 - 6:9 – Harmonie in verskillende verhoudings.
6. 6:10-20 – Oproep tot standvastigheid.

### 2.2.3 Samevattende gevolgtrekking oor die strukture van die briewe aan die Romeine en die Efesiërs

Dit blyk duidelik uit albei die briewe se strukture dat die verse wat in hierdie studie bestudeer word, te wete Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23, in dié gedeeltes voorkom waar dit handel oor die gelowige se optrede en lewenswyse uit dankbaarheid vir dít wat God deur sy Seun vir die mens gedoen het.

Dit word ook gou duidelik dat daar, danksy die verlossingswerk wat uit genade deur Christus verrig is, onvermydelike verandering en vernuwing móét plaasvind.

## 2.3 Ontleding van bepaalde begrippe ter toeligting van die studie

### 2.3.1 "Gemeentebou"

Fanoy (2002: 13) wys in sy soeke na 'n nader skriftuurlike definisie (verstaan as eksegeties begronde definisie – PF) vir die begrip "gemeentebou" daarop dat sy studie nie van die veronderstelling uitgaan dat daar tans geen ander definisie vir dié begrip bestaan nie, maar wél dat 'n suiwer skriftuurlike (lees hierin 'n eksegeties-begronde definisie - PF) en algemeen aanvaarde omskrywing van gemelde begrip tans ontbreek.

Die blote feit dat daar tans meer as een definisie vir die begrip "gemeentebou" bestaan, vereis egter juis (minstens vir die doeleindes van hierdie studie) dat 'n eksakte definisie geformuleer word. Hierbenewens moet daar in gedagte gehou word dat hierdie ondersoek binne die kader van die Teologie geloods word en dat dit ten doel het om op dié gebied 'n bydrae te lewer, hoewel 'n beskeie een. Om hierdie rede sal die definisie wat uiteindelik in hierdie studie gebruik gaan word, streng skrifmatig en skrifgefundeerd (lees eksegeties begrond – PF) moet wees. Daarmee word dan nie bedoel dat ander bestaande definisies of omskrywings van wat gemeentebou is, onbybels of in stryd met die Bybel is nie.

Die formulering van 'n skrifgefundeerde definisie vir die begrip "gemeentebou" is dan ook aan die hand van Efesiërs 4:1-16 onderneem (Fanoy, 2002). Hoewel die proses ingevolge waarvan die formulering van gemelde definisie verloop het, nóg hier herhaal nóg beskryf gaan word, is daar besluit om daardie definisie ook op hierdie studie van toepassing te maak. Dit word egter hier gestel dat die keuse van genoemde definisie nie die bedoeling inhou dat daar nie ander definisies vir gemeentebou wat op die Skrif begrond is, bestaan nie.

Fanoy (2002: 37) kom naamlik tot die volgende Bybelsgefundeerde (lees; eksegeties-begronde - PF) definisie vir die begrip "gemeentebou":

- ***Die deurlopende en planmatige toerus van lidmate met en vanuit die Woord van God deur toegeruste gawes sodat tot gesamentlike dienswerk in die opbou van die liggaam van Christus gekom kan word.***

Venter (1986: 16) wys in sy studie tereg daarop dat gemeentebou nie iets is wat eensklaps gebeur nie, maar dat dit 'n bepaalde (en oorwegend moeisame) proses en pad veronderstel waartydens en waarlangs lidmate se vermoëns, behoeftes en gawes in ag geneem moet word – 'n proses wat in alle waarskynlikheid groot raakpunte

vertoon met die proses ingevolge waarvan lidmate **toegerus** moet word om verandering te hanteer, met "toerus" synde die proses waartydens lidmate aan die hand van die Woord van God begelei moet word. 'n Gesonde benadering in die proses van verandering sou sekerlik wees om lidmate te oortuig in die proses van verandering eerder as om hulle daartoe te dwing. Dit sal natuurlik insgelyks geld vir enige deurdagte poging om lidmate toe te rus om verandering in die regte lig te beskou en te hanteer.

Vir doeleindes van hierdie studie is dit waarskynlik nodig om wat met **toerus** bedoel word, beter en verder te omskryf. In sy studie om by bogenoemde definisie uit te kom, het Fanoy (2002, 23-25) 'n eksegetiese studie van die begrip *καταρτισμον* gedoen. Daaruit is vasgestel dat *καταρτισμον* die betekeniswaarde het van voorberei of toerus. En met toerusting moet gestreef word daarna om iemand te begelei sodat hy/sy doelmatig en voldoende vir iets voorberei is (Louw en Nida, 1988: 680 soos aangehaal deur Fanoy, 2002: 23). Dit behoort weer daartoe te lei dat die persoon self 'n sinvolle bydrae kan lewer. In die konteks van die studie: dat die persoon 'n bydrae in 'n veranderingsproses sou kon lewer eerder as om daarin 'n hindernis te wees.

Uit die definisie is verder af te lei dat lidmate begelei moet word om self ook diens te lewer in die Kerk of gemeente waar hulle lidmate is. Dit hoort ook die geval te wees waar verandering (hetsy intrinsiek of ekstrinsiek – PF) na vore kom. Dienswerk in die Kerk van die Here en daarom in elke gemeente, behoort onder leiding van "die gawes" wat Jesus aan sy Kerk gee (vergelyk Efesiërs 4:11) self saam te werk aan die opbou van die gemeente (vergelyk Efesiërs 4: 16). Vir elke lidmaat om daartoe te kom, moet elkeen van die nodige toerusting (*equipment*) voorsien word (Fanoy, 2002: 24). As slotsom: wat met toerus bedoel word, kan gestel word dat dit ten doel het dat lidmate tot 'n bepaalde bekwaamheidsvlak begelei behoort te word (Fanoy, 2002: 25). Vir die doel om diensvaardig in die Kerk van die Here of 'n gemeente te wees, mag dit nodig wees dat 'n lidmaat intrinsiek sal

moet verander sodat ekstrinsieke veranderinge so lidmaat nie in die dienswerk van die Kerk sal kortwiek of terughou nie.

Wat nie met die definisie veronderstel word nie, is dat gemeentebou gelykgestel word aan toerus van lidmate nie. Die toerus van lidmate, veral waar ekstrinsieke verandering dan ter sprake sou kom, behoort gemeentebou tot voordeel te strek. Daarby lê in die proses van gemeentebou opgesluit dat die leiers van die gemeente (toegeruste gawes soos in die definisie vermeld – PF) die ander lidmate tot dienswerk moet aanspoor en begelei (Smit, 1995: 12 soos aangehaal deur Fanoy, 2002: 84). Gemeentebou hou daarom nie in dat daar net toegerus moet word nie en daarmee volstaan mag word nie, maar dit behoort daartoe te lei dat alle lidmate tot dienswerk en betrokke wees in gemeentebou prosesse aangespoor sal word. Hierdie diens in 'n gemeente, so is deur Fanoy (2002: 88) vasgestel, omsluit vier diensareas, naamlik kerugma, leitourgia, koinonia en diakonia.

Hieruit kan afgelei word dat deur hierdie definisie vir gemeentebou met die oog op die studie te gebruik, die bedoeling is om gemeentebou nie te verskraal nie, maar om daaraan moontlike 'n verdere diepte dimensie te gee. Toerus, so kan afgelei word, is 'n verdere, dog belangrike, handeling in die proses van gemeentebou - veral wat die hantering van veranderinge (intrinsieke asook ekstrinsieke veranderinge word bedoel) wat na vore mag kom tydens gemeentebou, aangaan.

#### 2.3.1.1 Samevatting

Waar daar voortaan in hierdie studie na die begrip "gemeentebou" verwys word, sal dit dus die betekenis van voormelde definisie dra. Juis daarom word daar in die titel van hierdie proefskrif na die **toerus** van lidmate in die konteks van verandering verwys.

### 2.3.2 "Verandering" (*μεταμορφουσθε*)

In die Griekse teks van Romeine 12:2 word die begrip *μεταμορφουσθε* gebruik, wat in die Afrikaans met "verander" vertaal is. Dié begrip kom vier keer in die Nuwe Testament voor, naamlik in Markus 9:2, in Matteus 17:2, in Romeine 12:2 en in 2 Korintiërs 3:18

(Nutzel, 1991: 415 en Liefeld, 1978: 861). Volgens Behm (1978: 742) is dié woord aan die stamwoord *μορφε* ontleen, wat letterlik "vorm" of *"external appearance"* beteken.

Volgens Stott (1994: 322) hoor ons in Romeine 12:2 Paulus se weergawe van die oproep aan God se kinders om nie met die wêreld te konformeer nie en heilig te lewe. Dit is 'n oproep wat Stott meen soos die spreekwoordelike goue draad regdeur die hele Bybel loop.

Liefeld (1978: 861) wys voorts daarop dat die gedagte van transformasie van een vorm na 'n ander iets is wat nie vreemd aan die Griekse en Latynse literatuur was nie. Daaruit word afgelei dat die betekenis wat Paulus aan *μεταμορφουσθε* heg, inderdaad "transformasie" of dan "verandering" behels. Nutzel (1991: 415) wys op sy beurt daarop dat die verandering wat deur transformasie veronderstel word, 'n algehele en onherroeplike verandering vereis. Blomberg (2006: 258) sluit by dié gedagte van 'n algehele verandering aan as hy daarop wys dat die transformasie liggaam en gedagte insluit en daarom neerslag moet vind in die morele leefwyse van gelowiges.

In sy bespreking van *μεταμορφουσθε* se oorspronklike betekenis, vertaal Behm (1978: 755) die begrip met "to remodel" en met *"to change into another form"*, en wys hy daarop dat dit hoofsaaklik in die passiewe vorm voorkom. Hy wys voorts daarop dat 'n mens hierdie verandering nie uit hom-/haarself kan bewerkstellig nie (Behm, 1978: 758). Die passiewe werkwoordvorm dui, volgens Nutzel (1991: 415), daarop dat dit die oorredende krag van God is wat die verandering in die mens teweegbring. Tóg verg dit van die mens se kant gereedheid, asook samewerking (Nutzel, 1991: 415).

Louw (1988: 155) sluit aan by die gedagte dat *μεταμορφουσθε* in die passiewe vorm gebruik word as hy die vertaling weergee as "to change, to be changed into; to be transformed". Die laaste twee vertalings dui op die passiewe vorm, wat weer daarop dui dat die verandering wat die mens moet ondergaan, nie deur hom-/haarself gedoen kan word nie. Wat Romeine 12:2 betref, is die vertaling wat

Louw aan die hand doen, óf "to become completely different" óf "become different from what you are". Dié verandering kan daarom nie maar net bolangs plaasvind nie, maar veronderstel 'n volledige metamorfose.

Behm (1978: 758) wys daarop dat die twee kere wat Paulus die woord *μεταμορφουσθε* gebruik (Romeine 12:2 en 1 Kor. 3:18), hy dit gebruik in die sin van 'n onsigbare proses wat reeds in hierdie bedeling in Christene plaasvind of dan begin plaasvind. Dit is dus nie iets wat in die hiernamaals eers gaan gebeur nie, maar juis 'n proses wat reeds 'n aanvang neem terwyl die mens hom-/haarself nog op aarde bevind.

Wat verder uitgewys word, is dat die begrip *μεταμορφουσθε* 'n voortgaande (deurlopende) proses veronderstel wat die gelowige kenmerk (Liefeld, 1978: 864 en Mohrlang, 2007: 185). Dit word, volgens Liefeld (1978: 864), teweeggebring danksy die vernuwing van die gedagte aan die een kant en danksy weerstand teen wêreldinvloede aan die ander, soos Paulus dit in Romeine 12:2 so raak beskryf. Mohrlang (2007: 186) wys daarop dat *μεταμορφουσθε* nie 'n eenmalige aksie is wat vir altyd hou nie, maar 'n voortgesette proses is wat daarin kulmineer dat die mens deurlopend met en deur die Heilige Gees vervul en gelei word.

Dit is sinvol om hier te wys op 'n onderskeid wat Käsemann (soos aangehaal deur Morris, 1992: 435) tref tussen *συσχηματίζεσθε* en *μεταμορφουσθε* om die diepte van *μεταμορφουσθε* te beklemtoon. *συσχηματίζεσθε* word deur Käsemann as aanvaarding of aanpassing beskou, terwyl *μεταμορφουσθε* die ware transformasie omsluit. Dít stel Käsemann in aansluiting by Harrisville (soos aangehaal deur Morris, 1992: 435), wat die verskil soos volg beskryf: " 'Conform' refers to a posture or (an) attitude (that) may be changed at will, whereas 'form', at the heart of 'transformed', refers to what grows out of necessity from an inward condition."

Stott (1994: 323) wys daarop dat die *μεταμορφουσθε* wat God beoog (soos in Romeine 12:2 en 2 Korintiërs 3:18 aangetref), 'n fundamentele transformasie van karakter en optrede (of dan leefwyse – PF) is. Dit verwyder die gelowige ál verder van hoe die wêreld lyk en doen, terwyl dit hom/haar ál meer na die beeld van Christus omvorm.

'n Laaste saak wat hier aandag moet geniet, is die feit dat die Griekse werkwoord in die vorm van 'n imperatief weergegee word (Behm, 1978: 759) – 'n aanduiding daarvan dat verandering nie 'n opsie is wat 'n gelowige/Christen maar kán uitoefen nie, maar dat dit iets is waaraan elke gelowige konstruktief moet **wérk**. *μεταμορφουσθε* is dus **noodsaaklik**, en nie bloot net 'n moontlikheid nie. Dit berus op die vaste wete dat elke Christen deur Christus van hierdie wêreld verlos is en dat hy/sy daarom nie meer soos mense van hierdie wêreld mag leef nie.

2.3.2.1 Samevatting

Dit blyk duidelik uit die voorgaande dat *μεταμορφουσθε* 'n diepgaande betekenis het en veel meer as 'n paar aanpassings of verstellings behels. Dit gaan hier oor 'n algehele metamorfose, 'n radikale verandering, nes die bekende natuurverskynsel van 'n wurm wat 'n papie word, en uiteindelik 'n lieflike vlinder. Algehele verandering – en niks minder nie – is dus wat met *μεταμορφουσθε* veronderstel word.

Daarby is dié verandering (in hoofsaak intrinsieke verandering – PF) geen willekeurige saak nie, maar, danksy die verlossing wat die Vader deur die Seun bewerk het, 'n dankbaarheidsplig (noodsaak) wat op elke Christen-gelowige rus en, omdat die mens dit nie sélf kan bewerk nie, word dit 'n saak van gebed, waartydens daar vuriglik tot die Heilige Gees gebid en gesmeek moet word om dié algehele verandering teweeg te bring.

In wat hierbo as die betekeniswaarde van *μεταμορφουσθε* aangedui is, kan in groot mate aanvaar word dat met hierdie verandering in hoofsaak intrinsieke bedoel word. Intrinsieke verandering bedoel dan

die verandering ten opsigte van hart en gedagte wat die werk van God deur die Heilige Gees behels. Dat ekstrintrieke verandering tog ook deel van *μεταμορφουσθε* kan wees, kan stellig nie ontken word nie. Hier sou dan verwys kon word na die veranderinge wat voortvloei uit die intrinsieke verandering wat in gehoorsaamheid aan die Woord van God in die sigbare lewenswandel van die gelowige na vore behoort te kom. Op die saak van intrinsiek en ekstrinsiek word later weer teruggekom wanneer die betekenis van *voὸς* ondersoek is (sien 2.3.5).

### 2.3.3 "Vernuwe"/"Nuut maak" (*ανακαινώσει/ ἀνανεο*)

#### 2.3.3.1 Inleiding

In Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 word twee verskillende woorde vir "vernuwe" of "nuut maak" gebruik. Daar sal egter eers gekyk word na die oorsprong, agtergrond en betekenis van die Griekse woord *ανακαινώσει*, wat Paulus in Romeine 12:2 gebruik, en daarna na die woord *ἀνανεο,* wat hy in Efesiërs 4:23 inspan.

#### 2.3.3.2 *ανακαινώσει* – Romeine 12:2

*ανακαινώσει* is 'n samestelling van die woorde *ἀνα* en *καινος* met die woord *καινος*, wat aan die stam *qen* ontleen is en "to turn out fresh" beteken (Haarbeck, e.a., 1976: 670). Laasgenoemde outeurs gaan verder deur daarop te wys dat die betekenis van dié woord op iets dui wat in eie reg nuut is. Behm (1978: 452) voeg as betekenis vir *ανακαινώσει* by "to make new" (om nuut te maak), "to produce something new" (om iets nuuts te skep) en "to renew" (om te vernuwe). Louw (1988: 594) druk dit nóg duideliker uit wanneer hy *ανακαινώσει* met "to cause something to become new and different" vertaal. Daarby sê hy in werklikheid by implikasie dat dié verandering onwillekeurig daartoe sal lei dat iets of iemand *"superior"* sal word.

Volgens Haarbeck en andere (1976: 670) skaar die skrywers van die Nuwe Testament hulle by die sekulêre betekenis van die woord en dui hulle daarmee aan dat álles wat Jesus in sy verlossingswerk doen, as **nuut** gekarakteriseer word. Wat Romeine 12:2 betref, word gelowiges met *ανακαινώσει* opgeroep om "die nuut in Christus" met

hul optrede en ingesteldheid te openbaar (Haarbeck, e.a., 1976: 673). Hierdie verandering, wat danksy Christus se verlossing moontlik is, impliseer eintlik dat die mens **terugverander** moet word na 'n "previous, preferable state" (Louw, 1988: 157). Die bedoeling hier is duidelik dat die mens moet verander na hoe hy/sy vóór die sondeval was en na hoe God hom/haar oorspronklik geskape het (Genesis 1:31).

Hierdie laaste gedagte wat Haarbeck uitlig, word deur Behm (1978: 453) onderstreep met dié toevoeging dat gelowiges hul nuutmaking deurentyd moet bevestig ten einde aan te toon dat hulle tot 'n nuwe bedeling behoort en lede van 'n nuwe mensheid is. Behm (1978: 453) gaan verder deur daarop te wys dat hierdie innerlike vernuwing bewerkstellig word danksy die werking van die Heilige Gees, wat in elke Christen woon en werk. Daaruit kan afgelei word dat die **vernuwe wees** iets is waartoe die mens nie sélf kan kom nie, maar waarin die gelowige van die werk van God deur die Heilige Gees afhanklik is.

### *A. Samevatting*

Die woord *ανακαινώσει* beteken "om te vernuwe"/"nuut te maak." Dit hou verband met die feit dat gelowiges danksy Christus se verlossing innerlik nuut is. Dié "nuut wees" is deel van die werk wat die Heilige Gees in Christene doen en bly doen in die vorm van hul dankbaarheids-reaksie op die genade wat God deur sy Seun aan hulle betoon. Hieruit kan afgelei word dat met verandering of vernuwe hier intrinsieke vernuwing in hoofsaak bedoel word. Dit behoort sekerlik dan in die sigbare nuut wees (intrinsiek vernuwing) van mense gesien te kan word. Daarom kan met veiligheid gesê word dat *ανακαινώσει* soos dit die geval is met *μεταμορφουσθε*, sowel intrinsieke as ekstrinsieke verandering bedoel. Die gelowige kan tog sekerlik nie in die hart of denke nuut word en in die sigbare lewe met die ou manier van lewe voortgaan nie. Hierdie nuut wees behoort dan ook sigbaar te word in die regte hantering van ekstrinsieke veranderinge waaraan lidmate blootgestel sal word.

2.3.3.3 *ἀνανεο* – Efesiërs 4:23

Die woord *ἀνανεο* is 'n samestelling van die woorde *ἀνα* en *νεος*. *νεος* is aan die Indo-Germaanse *neuos* ontleen, wat weer afgelei is van die adjektief *nu*, wat "nou" beteken (Haarbeck, 1976: 674 en Behm, 1978: 896). Haarbeck (1976: 674) omskryf die woord verder deur daarop te wys dat "nou" "in die huidige" en daarom "nuut" beteken in dié sin dat iets nie voorheen daar was of so gesteld was nie. Kortweg gestel, beteken dit dan *"new, young"* (Haarbeck, 1976: 674). Behm (1978: 896) gee as betekenis vir *neos* die volgende deur: "*new, fresh, not previously there*" en ook "*young*" en "*youthful.*"

Hierdie "nuut wees" word in die Nuwe Testament in verband gebring met die "nuut wees" wat Jesus as Verlosser bewerk en as gawe én opgawe aan die mens gegee het (Haarbeck, 1976: 675). Haarbeck (1976: 675) bring dit verder in verband met die verlossing van Christus, wat tot die nuwe lewe lei wat met Sy koms bewerk is en met Sy wederkoms voltrek sal word.

Die werkwoord *ἀνανεο* kom slegs één keer in die Nuwe Testament voor, en dít in Efesiërs 4:23 (Haarbeck, 1976: 676). In dié Skrifgedeelte word dit in die passiewe vorm gebruik, welke vorm die feit onderstreep dat *ἀνανεο* iets is wat die gelowige ontvang en nie uit hom-/haarself kan bewerk nie (Haarbeck, 1976: 676). Behm (1978: 900) wys daarop dat daar al verskeie pogings (hoewel verkeerdelik) aangewend is om *ἀνανεο* refleksief te gebruik, naamlik deur daarop te sinspeel dat 'n mens hom-/haarself kan vernuwe. Hy stem daarom saam met Haarbeck dat die begrip hoofsaaklik in die passiewe vorm gebruik word (1978: 900).

Dit is hierbenewens interessant om daarop te let dat Behm (1978: 901) "nuut wees" aan "verandering" gelykstel as hy sê dat hierdie "verandering" wat deurlopend in die lewe van Christene moet plaasvind, *"is finally accomplished **on** (eie klem – PF) them rather than **through** (eie klem – PF) them".* Verder verduidelik Behm (1978: 901) dat dit 'n innerlike *"being renewed"* is of, anders gestel, 'n *"letting themselves be renewed"*, wat in die sentrum van die persoonlike lewe

plaasvind. Dit gee aan elke Christen die vermoë om, danksy Christus se werk in hom/haar, as't ware óór te begin; *"free from the old being and free for the new"* (Behm, 1987: 901).

***A Samevatting***

*ἀνανεο* beteken, in kort, om nuut te wees in dié sin dat dit vroeër nie bestaan het of so gesteld was nie. Dié woord word slegs één keer in die Nuwe Testament gebruik, en dan in die passiewe vorm. Om hierdie rede is die "nuut word" iets wat die mens ontvang en nie self kan bewerk nie. Dit is genadevoorreg wat die mens mag beleef, aangesien dit op die verlossingswerk van Jesus Christus berus. Ook hierdie nuut wees het soos met *μεταμορφουσθε* en *ανακαινώσει* in hoofsaak intrinsieke verandering in die oog. Tog kan die mens nie intrinsiek verander sonder dat dit sigbaar sal word in die mens se lewensoptrede nie. Daarby behoort dit 'n invloed te hê op hoe so iemand ekstrinsieke veranderinge waaraan hy blootgestel sou word, sal hanteer en deurwerk.

**2.3.3.4 Samevatting: *ἀνανεο* en *ανακαινώσει***

Dit blyk duidelik uit die voorgaande dat *ἀνανεο* en *ανακαινώσει* as uitruilbare begrippe beskou word wat albei op vernuwing dui as synde iets wat die mens danksy die verlossingswerk in en deur Jesus Christus ontvang. Albei terme het betrekking op gelowiges se geestelike "nuut wees" in Christus (intrinsieke verandering) en dit behoort neerslag te vind in die dankbaarheidsopdrag wat hulle moet uitleef en waarin hulle onder leiding van die Gees van God moet groei.

**2.3.4 *voὸς* – Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23**

Behm (1978: 952) postuleer dat die oorspronklike betekenis van die woord *voὸς ("(inner) sense directed on an object")* die gedagtes van sensasie, die krag van geestelike persepsie en die vermoë van intellektuele begrip omsluit. Dit gaan dus oor die vermoë om oor konkrete en abstrakte sake te kan dink en 'n mening daaroor te kan vorm. Dié gedagte onderstreep Sand (1991: 478) se standpunt as hy daarop wys dat *voὸς* die verstaan van 'n saak en daarby elke individu

se vermoë insluit om 'n saak te beoordeel en ook nog menslike sienings en oortuigings te huldig. In die vroeë Griekse filosofie is *voὀς* beskou as synde "die verstaan waarin alles deurvors is" (Behm, 1978: 954).

In lyn hiermee gee Harder (1978: 122) as betekenisse vir *voὀς* aan: "*mind, intellect, understanding, reason, thought*.' Hy wys nes Behm daarop dat dit oorspronklik op die innerlike waarneming dui wat op 'n onderwerp gerig is, waarna gedagtes daaroor of begrip daarvan gevorm word (Harder, 1978: 122). Dit word dan, tesame met gevoel en wil, as 'n mens se innerlike krag of vermoëns beskou (Harder, 1978: 122).

Louw (1988: 325) gee aanvanklik as vertaling van *voὀς* eenvoudig "mind", maar verduidelik dit dan verder as "the psychological faculty of understanding, reasoning, thinking and deciding". Die woord *voὀς* word ook omskryf as 'n spesifieke wyse van dink (Louw, 1988: 350), en in die lig van wat Efesiërs 4:23 uitwys, word derhalwe bedoel dat die maniér waarop gelowiges behoort te dink, vernuwe moet word.

Wanneer Harder (1978: 127) na die gebruik van *voὀς* in die Pauliniese geskrifte verwys, verklaar hy dat dit die betekenis van "denke" of "plek van oordeel of insig" dra, en dat dít dan, in 'n religieuse sin, dui op alles wat uiteindelik op die hele aspek van die gewete *("conscience")* uitloop (Harder, 1978: 127). Hy gaan selfs so ver as om te sê dat *voὀς* met *εςο ἄνθρωπος* uitruilbaar is, wat die innerlike mens of ego verteenwoordig wat tussen goed en kwaad kan onderskei (Harder, 1978: 127).

Met die betekenis van "denke" ("*mind*") in gedagte, word dit as die "*inner orientation or moral attitude*" aangedui, maar dít dan ten opsigte van formele sake (Behm, 1978: 958). Met verwysing na Romeine 12:2, gaan Behm (1978: 958) verder deur daarop te wys dat, in soverre dit die *voὀς* van 'n Christen aangaan, dit daardie innerlike beheer van sy/haar gedagtes en wil, asook die oriëntasie van sy/haar morele gewete is wat deurlopend moet vernuwe.

Harder (1978: 130) sluit hierby aan as hy daarop wys dat *νοῦς*, in die raamwerk van "reg verstaan", tot die regte ingesteldheid van die gedagtes lei. Hy wys (in sy verwysing na Efesiërs 4:23) verder daarop dat Christene se gedagtes deur die Gees suiwer gehou en gevul word en, met verwysing na Romeine 12:2, dat dit Christene se opgawe is om hul gedagtes deurentyd te transformeer en te vernuwe.

#### 2.3.4.1 Samevatting

*νοῦς* het te make met die intellektuele denkvermoë van die mens; die vermoë om dinge met die verstand te kan beredeneer en te kan uitklaar. Dít is die mens se vermoë om sake te kan bedink en te beoordeel en om tussen reg en verkeerd te kan onderskei. Verder is uitgewys dat Christene onder leiding van die Gees voortdurend daaraan moet werk om hul denke suiwer te hou, omdat morele waardes daarin opgesluit lê. Hier kan gestel word dat as die *νοῦς* moet verander, dit te doen het met intrinsieke verandering. Tog sal dit seker logies wees dat as die *νοῦς* verander, dit sigbaar sal word in die ekstrinsieke doen en late van die persoon wat die verandering ondergaan. Deel daarvan sal wees in hoe so persoon ekstrinsieke veranderinge op sy/haar lewenspad sal hanteer.

### 2.3.5 Samevattende gevolgtrekking uit die begripsontleding van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23

Dit wil voorkom asof "verandering" en "vernuwing" soos in die toepaslike verse gebruik, op bepaalde vlakke dieselfde betekenisinhoud het. Dit gaan daaroor dat die mens moet word wat hy/sy nog nie was of is nie. Verder is dié vermoë tot verandering alleen moontlik danksy die verlossingswerk wat God die Vader deur Jesus Christus bewerk het.

Soos vroeër aangedui, mag dié verandering nie maar bloot iets bolangs wees nie, maar moet die mens 'n metamorfose in die ware sin van die woord ondergaan, veral ten opsigte van die manier waarop hy/sy dink en redeneer. Dit het daarom intrinsieke verandering as vetrekpunt. Die denke is immers die saad vir en vertrekpunt van die mens se dade. Anders gestel: om ekstrinsiek

Bybels verantwoord te verander en veranderinge waaraan iemand blootgestel sal word reg te hanteer, is dit nodig dat die mens eers intrinsiek moet verander soos God wil en waartoe Christus die mens verlos het.

Verder is beklemtoon dat die mens die verandering of vernuwing nie uit hom-/haarself kan bewerk nie, maar dat hy/sy daarin van God afhanklik is. Dit word dus 'n saak van gebed, waarin die hulp en leiding van die Heilige Gees en Sy onontbeerlike krag gevra en afgesmeek moet word. Daarby moet beklemtoon word dat sodanige verandering nie maar net 'n keuse is wat die mens mag of nie mag uitoefen nie, maar dat dit 'n noodsaaklike uitvloeisel van die reddende werk van Jesus Christus is.

Wanneer in hierdie studie verder met die begrip verandering gewerk gaan word, moet dit verstaan word dat sowel intrinsieke verandering as ekstrinsieke verandering ter sprake is. Daarmee word dan bedoel: in en vanuit sy/haar nuut wees en groei in sy/haar nuut wees in Christus, moet lidmate van die Kerk van Jesus Christus veranderinge waaraan hy/sy blootgestel of gekonfronteer word (die ekstrinsieke veranderings) reg benader en aanpak. Dit sou sekerlik so gestel kon word, naamlik dat 'n lidmaat wat nie intrinsiek verander nie, moeilik verandering ekstrinsiek sal openbaar en dit dan onder andere in hoe ekstrinsieke veranderinge waarmee hy/sy gekonfronteer sal staan, hanteer sal word. Dat verandering so verstaan kan word, word verder ontleed waar verklarende werke oor die teksverse van Romeine en Efesiërs wat vir doeleindes van hierdie studie gekies is, nagevors gaan word.

Vir meer duidelikheid, rondom die saak van verandering soos dit uit een val in intrinsiek en ekstrinsiek, die volgende: die verandering wat eksegeties vasgestel is uit die begrippe wat ondersoek is vanuit Romeine 12: 2 en Efesiërs 4: 23, dui in die eerste plek op intrinsieke verandering. Dit behels verandering ten opsigte van die manier waarop gedink word en hoe die hart ingestel is. Daaruit vloei voort dat dit invloed sal hê oor die direkte verandering van lewenswyse en

optrede van die persoon. Daar is wel 'n tweede aspek rakende ekstrinsieke verandering wat in die studie geraak word en dit handel oor veranderinge waaraan lidmate in die lewe op verskillende terreine blootgestel sal word. Begeleiding of toerusting met die oog op hantering van verandering, sal sekerlik beide aspekte raak, hoewel dit sterker op toerus vir ekstrinsieke verandering sal fokus.

## 2.4 Verklarende werke oor Romeine

### 2.4.1 Inleiding

Die onderhawige ondersoek van verklarende werke na hoe Romeine 12:2 uiteengesit is en na hoe die aangeleentheid van verandering en vernuwing daarin verklaar word, maak egter geen aanspraak op volledigheid nie, aangesien dit slegs oorsigtelik onderneem is in 'n poging om eksegeties te bepaal wat in Romeine 12:2 met *μεταμορφουσθε* en *ανακαινώσει* bedoel word.

### 2.4.2 Insigte verkry uit verklarende werke oor Romeine, met toespitsing op hoofstuk 12:2

Dit blyk uit verskillende verklarings dat Romeine 12:1 en 2 in noue samehang met mekaar beskou moet word (vergelyk onder meer Harrison, 1976: 127; Ridderbos, 1959: 272; Achtemeier, 1985: 195; Aletti, 2001: 1850; Wright, 2002: 703 en Harvey, 2004: 520). Dit is iets wat deurentyd in gedagte gehou moet word by die vasknoop van die betekenis van begrippe soos *μεταμορφουσθε*, *ανακαινώσει* en *νοός*. Verklaarders het immers uitgewys dat *Παρακαλῶ οὖν*, waarmee Romeine 12 in die Griekse teks begin, op verse 1 en 2 betrekking het (Ridderbos, 1959: 272). Ridderbos (1959: 272) stel dat dié verse selfs vir hoofstuk 12 tot 15 tot inleiding kan dien, terwyl Aletti (2001: 1850) daarop wys dat dié twee verse die toon aangee vir vermaninge wat nou in hoofstuk 12 tot 15 gehoor word. Osborne (2004: 320) sien die samehang tussen vers 1 en 2 as dat vers 1 die **wat** van die Christelike lewe uitlig, terwyl vers 2 die **hoe** daarvan beklemtoon. Keck (2005: 290) sien die **wat** van vers 1 as die aanbied van die liggaam as lewende offer en die **hoe** van vers 2 dat as die liggaam gegee is, daar nie ge**konformeer** mag word nie, maar ge**transformeer** moet word.

'n Interessante opmerking oor vers 1 en 2 – wat hier bloot genoem en nie verder beredeneer gaan word nie – is by Keck (2005: 294) en Ester (2003: 310) raakgelees, wat eintlik teenoor mekaar staan. Volgens Keck is vers 1 veral gerig aan Christene uit die heidendom afkomstig, terwyl vers 2 weer aan Christene gerig is wat uit die Jodedom afkomstig is. Ester draai dié stelling egter reëlreg om, en postuleer dat vers 1 aan die "Joodse" en vers 2 aan die "heidense" Christene gerig is. Hoe dit ook al sy, dié brief is aan Christene uit albei groepe gerig. Albei groepe, ongeag hul herkoms, kry dus die onomwonde opdrag om te **verander**.

Wat hier benadruk moet word, is dat dít wat nou van gelowiges gevra word, op die genadewerk berus wat die Vader deur sy Seun verrig het (Olyott, 1979: 114 en Aletti, 2001: 1 850). Anders gestel: gelowiges moet nou ewewig vind tussen persoonlike oorgawe (intrinsieke verandering – PF) en die Goddelike bemagtiging wat vir die volronde Christelike lewe (ekstrinsieke verandering – PF) so noodsaaklik is (Dunn, 1988: 707) – 'n dankbare reaksie op die werk wat God tot hul voordeel deur Christus verrig het. Hier word gehoor dat die verandering wat verwag word, intrinsiek sowel as ekstrinsiek behoort te wees. Nóg anders gestel: dit is die imperatief wat op die indikatief van God se handelinge volg (Ridderbos, 1959: 274). Of nóg anders: die etiek is onlosmaaklik aan die dogmatiek verbonde (Lekkerkerker, 1971: 103).

Mounce (1995: 230) onderstreep dit as hy stel dat dit alleen die Christelike geloof is wat, geanker in die goddelike ingryping tot voordeel van die mens, oor die uiteindelike morele vermoë en effektiewe krag beskik om die mens se lewe te kan verander. Om dié rede roep Paulus sy lesers op om hul liggame as "lewende offers" aan God te gee. Hierdie gee van die liggaam as lewende offer slaan egter nie op iets wat ingevolge die Ou Testament as offer beskou sou word nie, maar op 'n volgehoue diensbaarheid wat 'n bewuste en

algehele oorgawe van gedagte én liggaam van die mens verg (Harvey, 2004: 520).

Verskeie dinge word daarom nou van die gelowige kind van God vereis: nie bloot 'n offer van byvoorbeeld 'n dier nie, maar 'n volledige offer van die eie self (Whright, 2002: 704) en, daarmee saam, 'n opregte soeke na die wil van God en 'n wegbreek van en breek met die wêreld en sy manier van doen (Rushdoony, 1997: 229 en Harrison. 1976: 128). Of, soos Mounce (1995: 231) dit stel, daar word van elke gelowige 'n *"decisive dedication"* gevra. Deel van dié oorgawe is dat gelowiges se denke vernuwe sal word deur die wysheid van God se Woord en die geestelike verstaan van sy Wet en wil en om dit te doen (Bray, 1998: 308 en Harvey, 2004: 520). Daarom wys Bray daarop dat hoe meer Christene die Bybel lees en bestudeer, hoe meer sal hulle na hul denke vernuwe word. Só sal dit hoe langer hoe duideliker word dat hierdie mense nie meer kinders van die wêreld is nie, maar kinders van God (Bray, 1998: 309). Anders uitgedruk: die intrinsieke verandering wat kinders van God ondergaan, word duidelik in hoe hulle sake hanteer in hulle sigbare lewe en lewensuitkyk.

Hierdie transformasie raak uiteindelik nie alleen die individu nie, maar ook sy/haar verhoudings met ander mense en, uiteindelik, sy/haar kontak met die ganse gemeenskap (Achtemeier, 1985: 195). Osborne (2004: 230) sluit aan by dié saak van verhoudings as hy daarop wys dat *μεταμορφουσθε* 'n mens daarby moet bring dat die wêreld (wêreldse mense – PF) hom/haar nie meer in sy vorm sal giet nie. Dit kom dus daarop neer dat Christene uit die Jodedom afkomstig hul ou, bevooroordeelde denke oor Christene uit die heidendom moes vernuwe. Net so moes Christene uit die heidendom afkomstig hul denke oor die Jode nuut maak om in te pas by wat hulle in Jesus geword het. Daarin lê nogeens **noodsaak** vir die oproep tot vernuwing of intrinsieke verandering wat sigbaar word in die wyse waarop oor mekaar gedink word. Dit kom verder daarop neer dat

hulle intrinsieke verandering in hulle gedrag en optrede teenoor mense wat eers as vyande beskou is, na vore moet kom.

Om egter hiertoe te kom, moet die mens nie bloot verander nie, maar inherent transformeer (Rushdoony, 1997: 228; Harrison, 1976: 128; Jonker, 1976: 166; Hendriksen, 1981: 406 en Mohrlang, 2007: 191). Dit blyk duidelik dat niks minder nie as 'n *μεταμορφουσθε* of gedaanteverwisseling tydens hierdie proses van die mens geverg word. Of, soos Hendriksen (1981: 405) dit stel, dat daar van *"transformed"* sprake moet wees, en nie bloot van *"fashioned"* nie. Hy lig sy stelling verder toe deur daarop te wys dat Paulus nie hier vra dat *"one outward fashion for another"* verruil moet word nie, maar dat daardie soort transformasie gebeur wat veronderstel dat 'n *"inner change, the renewing of the mind... better still, of the heart, (the) inner being"* sal plaasvind (Hendriksen, 1981: 406). Laasgenoemde spreek sterk die saak van intrinsieke verandering aan.

Mounce (1995: 231) beklemtoon presies dieselfde aspekte as Hendriksen wanneer hy daarop wys dat 'n mens dus met sekerheid kan sê dié proses verg oneindig meer as bloot 'n paar aanpassinkies wat na willekeur gemaak word. Hierdie transformasie behels dat wat ook al verkeerd en oud (sondig – PF) is, weggewerp en met iets nuuts vervang sal word (Strong, 2007: 2). Só sal die mens deur vernuwing daartoe kom om met 'n *"transformed mind"* die beeld van God in die wêreld te wees (Wright, 2002: 705). Intrinsieke verandering word sigbaar in die nuwe lewenswyse wat in die mens na vore behoort te kom.

Fitzmyer (1992: 641) gaan verder deur te sê dat dié transformasie in die mens se denke, sy wil en sy optrede manifesteer; met ander woorde, dat hierdie transformasie nie uiterlik nie, maar innerlik gerig is. Hy kom tot hierdie gevolgtrekking (1992: 641) juis omdat Paulus daarop wys dat dit die *νοῦς* is – wat as die setel van die intellektuele en morele oordeelsvermoë beskou word – wat die *μεταμορφουσθε* moet ondergaan. Van der Merwe (2003: 5) ondersteun Fitzmyer hierin en noem op sy beurt dat die verandering wat hier ter sprake is,

die gelowige se "denke, houding en funksionering" hernuwe én dat dié hernuwing altyddurend is. In wat Fitzmyer deurgee, blyk dat intrinsieke en ekstrinsieke verandering nou aan mekaar verwant is. Ter wille van duidelikheid is dit gerade om hier onderskeid te tref tussen **trans**formasie en **re**formasie, soos deur Strong (2007: 2) beredeneer. **Trans**formasie dui naamlik op verandering wat in die toekoms moet of gaan plaasvind, terwyl **re**formasie impliseer dat dít wat reeds bestaan, bloot na die oorspronklike vorm moet terugverander. Daarmee saam behels **trans**formasie die oorsteek van grense tydens die veranderings-proses, terwyl **re**formasie bloot ten doel het om iets in sy oorspronklike vorm te herstel. In Romeine 12:2 gaan dit daarom duidelik nie oor **re**formasie nie, maar oor **trans**formasie.

Hierbenewens is dit belangrik om te beklemtoon dat ook ver**ander** en ver**nuwe**, wat wel deur verklaarders soos Cranfield betoog word, nie blote sinonieme is of maar min of meer dieselfde betekenis het nie (Morris, 1992: 435). Morris wys juis daarop dat uiterlike konformasie en innerlike transformasie intrinsieke verskille toon.

Mounce (1995: 231) dring tot die kernverskil tussen **kon**formasie en **trans**formasie deur wanneer hy daarop wys dat die tipe verandering wat met transformasie veronderstel word, nie bloot meebring dat gelowiges hulle meer en meer wegkeer van en anders dink en doen as die wêreld nie, maar dat hulle van binne begin verander (dit is intrinsiek verander – PF). Hy wys voorts daarop dat só 'n transformasie nie vanself gebeur nie, maar dat gelowiges hulself láát transformeer. Die gedagte dat transformasie van hierdie duur, aard en omvang 'n saak van gebed voor God is, staan dus hier sentraal. Daarom het Osborne (2004: 320) 'n belangrike punt as hy daarop wys dat hierdie verandering van die *voὸς* werk van die Heilige Gees is wat 'n lewenslange proses vir die mens verteenwoordig.

Wat die vorm van die werkwoord *μεταμορφουσθε* in die Grieks betref, wys verklaarders daarop dat dié begrip in die Grieks in die **imperatief** geskryf staan (Ridderbos, 1959: 272; Harrison, 1976: 128;

Hendriksen, 1981: 406 en Rushdoony, 1997: 229). Die gevolgtrekking wat daaruit gemaak moet word, is dat dit nie iets is waaroor Christene sélf kan besluit nie, maar dat dit 'n proses is waaraan hulle hulself slegs volledig kan oorgee (Wright, 2002: 705 en Hendriksen, 1981: 406). Daar word verder beklemtoon dat hierdie *μεταμορφουσθε* nie 'n proses is waaraan die mens hom-/haarself kan oorgee of onderwerp nie, maar dat dit 'n proses is wat God deur die werk van sy Heilige Gees laat voltrek (Jonker, 1976: 166; Hendriksen, 1981: 406; Fitzmyer, 1992: 641 en Mohrlang, 2007: 191). Dat dit die werk van die Heilige Gees is waarvan die mens hierin afhanklik is, word verklaar deur die feit dat die werkwoord *μεταμορφουσθε* in die Grieks in die passiewe vorm geskryf staan (Ridderbos, 1959: 274 en Hendriksen, 1981: 406).

Dit blyk ook duidelik uit die verklarings dat dié verandering nie bloot 'n eenmalige proses is nie, maar iets is wat deurlopend moet plaasvind (Ridderbos, 1959: 274; Harrison, 1976: 128 en Hendriksen, 1981: 406). Dit is dus iets wat lewenslank in elke mens se lewe moet plaasvind. Verder wys Mounce (1995: 231) daarop dat die feit dat gelowiges hierin tot 'n lewende offer opgeroep word, hulle moet aanspoor om dit ook in hul eie lewens te wil doen. Dié oproep word veral benadruk deur die feit dat die werkwoord *μεταμορφουσθε* in die teenwoordige tyd geskryf staan (Ridderbos, 1959: 274; Hendriksen, 1981: 406 en Dunn, 1988: 712).

Dit dien kortliks hier vermeld te word dat die **trans**formasie in Romeine 12:2 reëlreg teenoor die **kon**formasie met die wêreld gestel word (Harrison, 1976: 128 en Dunn, 1988: 712). Gelowiges mag nooit toelaat dat hulle deur die wêreld in 'n wêreldse vorm (*mould* in Engels) gegiet word nie (Mounce, 1995: 232). Clinton (2001: 1 482) skaar hom hierin by Mounce as hy beklemtoon watter reuse-verantwoordelikheid gelowiges het om nooit toe te laat dat die wêreld se uitkyk hulle oorheers of dat die wêreld hul besluite beïnvloed nie. Gemelde konformasie is 'n verwysing na die mens se geneigdheid om dít te assimileer en te akkommodeer wat die wêreld hom/haar ook al

bied (Rushdoony, 1997: 228). Hieruit kan afgelei word dat verandering wat Christene en die Kerk wil aanbring, op die Bybel begrond moet word. Selfs in verandering wat gelowiges aanpak en wat die Kerk nastreef, moet gewaak word dat nie dit nie konformasie behels nie, maar wel transformasie in die Bybelse sin van die woord is.

Wat die betekenis van die woord "wêreld" betref, wys Calvyn (1979a: 250) daarop dat hoewel dié woord verskillende betekenisse het, dit hier gebruik word om spesifiek die mens se sondige aard en manier van doen aan te dui. Hierdie beskouing word deur Hendriksen (1981: 404) onderstreep wanneer hy voortgaan om 'n hele aantal sondes te lys, soos gekruide taal, die lees van ongure boeke en omgang met wêreldse mense.

Ten einde aan dié soort konformasie met die wêreld te ontkom, moet die gelowige se transformasieproses ondersteun word deur die vernuwing van die *voός* (Harrison, 1976: 128 en Hendriksen, 1981: 406), waar daar dan met *voός* inderdaad die mens se denke of innerlike bedoel word (Hendriksen, 1981: 406 en Ridderbos, 1959: 274) – kortom, dáár waar die mens dinge bedink en beredeneer. Die mens se denke moet in werklikheid só nuut wees dat dit in alles fokus op en werk na wat God wil en wat sy Naam verheerlik (Olyott, 1979: 114, asook Wright, 2002: 705). Niks buiten 'n algehele *μεταμορφουσθε* sal dus hiervoor deug nie – 'n finale breuk met die sondige, wêreldse bestaan, sodat die nuwe lewe wat in Christus se verlossingswerk vergestalting gekry het, kan deurbreek (Wright, 2002: 705).

Dat Paulus hier van **vernuwing van denke** praat, is 'n saak waarop Morris groot klem lê (1992: 435). Hy wys naamlik daarop dat 'n gelowige nié soos 'n ongelowige dink nie. Verder is hy van mening dat die feit dat Paulus hier van die vernuwing van die denke praat, daarop dui dat hy nie bloot wil hê dat gelowiges 'n *mindless emotionalism* sal ondergaan nie, maar veel eerder dat hulle 'n *deeply*

*intelligent* benadering tot die lewe sal begin openbaar, soos dit Christene betaam wat deur die Heilige Gees vernuwe is. Morris word hierin deur Stendahl (1995: 46) ondersteun.

Volgens Stott (1994: 324) is die feit dat Paulus die transformasie aan die verandering van die denke koppel, uiters belangrik. Dit is immers, volgens Stott, alleen deur middel van die veranderde denke dat sake getoets en goedgekeur kan word – dit wil sê: *discern, appreciate and determine to obey God's will.*

Die verklarings wys verder uit dat sodanige verandering nie bloot in die *voὀς* moet of mag bly vassteek nie, maar dat dit daar begin en verder sigbaar moet word in die wyse waarop Christene in die wêreld leef (Rushdoony, 1997: 229; Ridderbos, 1959: 274 en Wright, 2002: 705). Die Christen moet dus midde-in die wêreld die verandering lééf in hoe hy/sy optree, dink en doen (Jonker, 1976: 166 en Harrison, 1976: 128). Hier word nogeens gehoor dat die intrinsieke verandering (gedagte en hart) sigbaar moet word die wyse en doen van die persoon wat verander is. Die *voὀς* transformeer, sodat die gelowige se lewe van binne af kan verander en vernuwe (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006: 335). Om dit meer spesifiek te maak, word die Christene uit die Jode- en heidendom afkomstig, wat die gemeente van Rome uitmaak, opgeroep om hul denke oor en hantering van mekaar te vernuwe. Weereens moes die veranderinge volgens die wil van God moes geskied.

Stott (1994: 324) gee 'n raak beskrywing van die verandering wat Paulus in die oog het wanneer hy die proses soos volg opsom: eers word ons gedagtes deur die Woord en Gees van God vernuwe, wat ons in staat stel om die wil van God met aandag ons fokus te maak, wat uiteindelik daarin kulmineer dat ons hoe langer hoe meer op ons lewenspad verander en vernuwe word. Verandering begin intrinsiek en kulmineer dan in die sigbare lewenswandel. Deel van die ekstrinsieke sal die dinge waarmee persone in die lewe gekonfronteer sal word, waaronder ekstrinsieke veranderinge ook op kerklike terrein, sal val, insluit.

Calvyn (1979a: 252) wys op sy beurt ook daarop dat hierdie verandering nie net die vlees nie, maar inderdaad ook die gemoed betrek – wat hy as die "edelste deel in ons" bestempel. Die gemoed (*voὸς*) moet só vernuwe word dat die gelowige voluit die vermoë kan aanleer om te onderskei wat God wíl en wat nié (Rushdoony, 1997: 229). Hierdie vernuwing van die gemoed is onlosmaaklik deel van die transformasie wat in die Christen moet plaasvind. Hierdie intrinsieke verandering moet meewerk dat gelowiges regte besluite kan neem oor onder andere ekstrinsieke veranderinge waarvoor hulle te staan kom.

Ridderbos (1959: 274) beaam op sy beurt dat dié verandering by die vernuwing van die denke moet begin, en wel onder leiding van die Heilige Gees, sodat daarná onderskei sal kan word wat die wil van God is (Hendriksen, 1981: 406). Die intrinsieke verandering dra by sowel Ridderbos as Hendriksen sterk klem, maar dit kan nie daarom net gesien word as 'n doel op sigself nie.

Wat wél belangrik is om hier in ag te neem, is dat Paulus nie van gelowiges vra om maar net voortdurend van die wêreld en sy dinge afstand te doen nie (Dunn, 1988: 713). Om bloot die wêreld en sy invloed te negeer, verteenwoordig nie verandering nie, maar net 'n naarstige wegvlug, en dít is natuurlik nie wat Paulus in Romeine 12:2 aan ons voorhou nie.

#### 2.4.2.1 Samevatting

Die geraadpleegde verklarings lewer afdoende bewys dat die begrip *μεταμορφουσθε* in Bybelse konteks die betekenis van "gedaante-verwisseling" of "radikale verandering" dra. Hierdie verandering is egter iets waarvoor gelowiges moet bid en hulself moet oopstel, sodat die Heilige Gees dit in hulle kan bewerk. Hierbenewens is dit 'n voortdurende proses wat lewenslank die gelowige se kragte in beslag moet neem.

Hierdie verandering het as vertrekpunt die vernuwing van die gees en die innerlike, of dan die denke, van die mens. Dit is daarom intrinsieke verandering. Dit mag egter nie iets wees wat bloot in die

innerlike gebeur of bly nie, maar moet in die mens se ganse lewe manifesteer. Dit wil sê die verandering werk daarheen dat die persoon 'n lewe lei wat daarvan getuig dat God se wil in alles gesoek en die wêreld en al sy versoekinge versaak word. Dit sou sekerlik deurgetrek kan word na hoe gelowiges ekstrinsieke veranderinge waarmee hulle op kerklike, maar ook ander terreine van die lewe, te doen sou hê, behoort te benader. Die noodsaak tot dié verandering mag nie deur Christene gering geskat word nie. Daarom moet elke gelowige in diepe afhanklikheid in gebed voor die Here lewe sodat hierdie verandering (intrinsiek en ekstrinsiek) dwarsdeur elkeen se lewe die regte aandag sal bly geniet.

## 2.5 Verklarende werke oor Efesiërs

### 2.5.1 Inleiding

By die ondersoek van verklarende werke oor Efesiërs 4:23, en spesifiek die hantering van *ἀνανεοῦσθαι δὲ τῷ πνεύματι*, word dit gou duidelik dat met hierdie studie ook nie aanspraak op volledigheid gemaak kan word nie. Die ondersoek word wél gedoen om in samehang met die eksegetiese evaluering van die voorgaande begrippe 'n basiese beoordeling te kan doen van hoe verandering vanuit die bepaalde teksvers verstaan kan word.

Verder is dit vir volledigheidsdoeleindes interessant om die volgende rondom die *Brief aan die Efesiërs* op te merk. Die meeste verklaarders is dit eens dat die *Brief* nie aan 'n enkele gemeente gerig is nie, maar aan 'n groep gemeentes (vergelyk onder meer Martin, 1991: 3 en Perkins, 2000: 353). Of dan, soos deur Muddiman (2001: 13) uitgewys word, dit is 'n brief gerig aan "*the whole network of Pauline churhes*". Trouens, Muddiman gaan verder deur uit te wys dat die *Brief* eintlik gerig is aan die universele Kerk wat Jesus as Koning het en wat in hul verlos-wees daardie eenheid en heiligheid moet uitlewe waartoe Paulus in die *Brief* oproep. Dit sluit daarom inderdaad die Kerk van die 21^ste^ eeu in.

### 2.5.2 Verklarende werke oor Efesiërs 4:23

As agtergrond dien dit hier vermeld te word dat in hoofstuk 4 en 5 van Efesiërs, Paulus slegte ingesteldhede en dade lys waarvan gelowiges ontslae moet raak en moet afsien (Dunnam, 1983: 210). Laasgenoemde outeur (1983: 210) wys voorts daarop dat Christus gelowiges red **van** iets **tot** iets ("**from** something **to** something").

Miskien kan dit interessantheidshalwe hier genoem word dat Comfort (2008: 591) bevind het dat sekere skrywers van Efesiërs in Grieks die *ἀνανεοῦσθαι*, wat 'n infinitief is, na *ἀνανεοῦσθε* verander het, wat dan 'n imperatief is. Só word dit dan 'n bevel, en dra dit groter gewig. Dit is egter duidelik uit die bronne wat in die onderhawige studie nagegaan is dat daar oor die algemeen met *ἀνανεοῦσθαι* volstaan is; dit wil sê, met die infinitiewe vorm van die werkwoord.

'n Ander saak wat Comfort (2008: 591) uitlig, is dat daar sekere skrywers van die Griekse teks was wat 'n *εν* voor *δὲ τῷ πνεύματι* ingevoeg het, om só aan te dui dat die verandering in die Gees (bedoelende die Heilige Gees) behoort plaas te vind. Hy wys egter daarop dat sonder die *εν* sowel "in" as "deur" daar as vertaling gepas sou wees. Hy wys verder daarop dat die meeste verklaarders dit as 'n datief beskou; 'n heenwyse daarna dat die vernuwing met "*the spirit of the mind*" te make het.

Verklarings wat in dié verband nagegaan is, dui daarop dat Efesiërs 4:22-24 as 'n eenheid hanteer en beskou moet word (vergelyk onder meer Floor, 1995: 168; Hendriksen, 1976: 215; Van den Brink, Bette, Zwiep, 2006: 253-254; Perkins, 2000: 429; Liefeld, 1997: 114 en Kreitzer, 1997: 137). Volgens Liefeld (1997: 114) kan dit saamgevat word as ***to put off*** (vers 22), ***to be made new*** (vers 23) en ***to put on*** (vers 24). Dit gaan dus daaroor dat die ou mens afgelê en die nuwe mens opgeneem moet word en, ten einde volledig daartoe te kan kom, moet die mens se denke en gees nuut gemaak word. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat gelowiges nie maar net die ou mens moet aflê en die nuwe mens moet opneem nie, maar daarmee saam word gelowiges daarop gewys dat innerlike

vernuwing daarmee saam belangrik is (O'Brien, 1999: 329 en Muddiman, 2001: 220). Daarom wys Van den Brink, Bette en Zwiep (2006: 254) tereg daarop dat waar die ou lewe afgelê is en die nuwe lewe opgeneem wil word, die vernuwing van die *voός* verder in 'n gelowige se lewe moet deursuur. Hierdie vernuwing in 'n gelowige se lewe is dus iets wat progressief moet groei en in sy/haar lewenspraktyk sigbaar moet word (Blomberg, 2006: 316). Uit wat sopas beredeneer is, word gehoor dat die intrinsieke verandering (verandering van die *voός*) neerslag behoort te vind in die persoonlike lewenswyse en optrede.

Verder is dit ook belangrik om daarop te let dat daar verklaarders is wat die "gees" waarna daar in vers 23 verwys word, wil sien asof dit na die Heilige Gees sou verwys (Floor, 1995: 168; Comfort, 2008: 591 en Mitton, 1981: 165). Comfort (2008: 591) wys daarop dat dit veral die ouer verklaarders is wat die Heilige Gees hier inlees, terwyl jonger verklaarders dit nie só insien nie.

Dié idee dat *πνεύματι* na die Heilige Gees verwys, word egter deur verskeie ander verklaarders afgewys (vergelyk Floor, 1995: 168; Calvyn, 1979: 70; Mitton, 1981: 165 en Hoehner, 2002: 608). Veral gesien in die lig daarvan dat "gees" en "denke" hier in samehang gesien word (Floor, 1995: 168), is dit nie moontlik dat die woord "gees" hier op die Heilige Gees kan dui nie. O'Brien (1999: 330) ondersteun dié standpunt en gaan verder deur daarop te wys dat indien Paulus wél hier na die Heilige Gees sou verwys, hy 'n ander sinskonstruksie sou gebruik. Volgens O'Brien sou Paulus dit dan as "*renewal of the mind by the Spirit*" gestel het. Hoehner (2002: 608) wys op sy beurt daarop dat daar nêrens in die Bybel na die Heilige Gees as synde die "*spirit of your mind*" verwys word nie. Dit maak daarom sin om hierdie frase as synde 'n verwysing na die "gees van die mens" te hanteer en te verstaan.

Edwards (1999: 173) verwys na Jerome, wat "spirit of our mind" duidelik verklaar deur daarop te wys dat as ons sing, ons dit met gees en verstand doen. Net so as ons bid, doen ons dit met gees en

verstand. Dit is volgens Jerome twee dele wat onlosmaaklik met mekaar verweef is, sodat "gees" nie hier na die Heilige Gees kan verwys nie.

Weens die beperkinge van die onderhawige studie sal daar nóg op die aflegging van die ou mens (vers 22) nóg op die opneem van die nuwe mens (vers 24) ingegaan word – buiten om te beklemtoon dat albei prosesse noodsaaklik is wanneer die mens se bekering tot en uitleef van 'n Christelike lewe ter sprake is (Hendriksen, 1976: 215). Die verweefdheid van gemelde twee prosesse met die algehele transformasie wat die nuwe mens moet ondergaan, word ten beste geïllustreer in Simpson (1973: 105) se woorde wanneer hy retories vra: "*Who is content with half a pair of scissors*?" Gegewe die hoofdoel van die studie sal daar egter wél in besonderhede gefokus word op die proses ingevolge waarvan die bekeerde mens na gees en denke vernuwe moet word (intrinsieke verandering word hier veronderstel – PF). Wat wél duidelik blyk, is dat Paulus met Efesiërs 4:22-24 daarop sinspeel dat lidmaatskap van die Kerk van Jesus Christus eksklusiewe toewyding vra (MacDonald, 2001: 1 954). Hier kan daarom afgelei word dat die verandering waarvan daar in Efesiërs 4:23 sprake is, inderdaad 'n **impak** op die gelowige gaan hê, en dan ook behoort te hê.

Opmerklik is egter dat daar as't ware 'n onderbreking kom tussen vers 22, waar dit gaan oor die aflê van die ou mens, en vers 24, wat dit weer oor die opneem van die nuwe mens het – iets wat 'n verduideliking verg. Dit mag egter nie verstaan word asof daar 'n tydsverloop tussen die twee fasette is nie, of dat Paulus iets soos die volgende in gedagte sou hê nie: lê die ou mens af, dan vind vernuwing plaas en daarna trek die gelowige die nuwe aan nie (Best, 2004: 434). Van den Brink, Bette en Zwiep (2006: 255) smee 'n duidelike band van die drie werkwoorde wat in vers 22 tot 24 voorkom. Verder wys hulle daarop dat Paulus die *Brief* rig aan onder meer mense wat pas tevore nog soos heidene geleef het, maar tot bekering gekom het en juis besig is om die ou lewe af te lê. Paulus

spoor hulle nou aan om met die vernuwing voort te gaan. Hulle wys verder daarop dat die woord *νεος* in die woord *ἀνανεοῦσθαι* voorkom, wat daarop dui dat iets wat begin is, nou verder moet voortgaan (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006: 255). Radmacher, Allen en House (2007: 1 864) dui daarop dat die Griekse woord wat in 4:23 met "nuut" vertaal is, nie dui op iets wat meer modern is nie, maar wel dui op iets wat in gehalte en na karakter nuut is.

Dit gaan hier duidelik daarom dat die gelowige danksy sy/haar verlos-wees-in-Christus nuut moet lewe (De Klerk, 2001: 80). Daar móét 'n verandering plaasvind, en dié verandering moet in gelowiges se "binneste: in hul gees en gedagtes" plaasvind (De Klerk, 2001: 80). Dit handel in die eerste plek oor intrinsieke verandering. Die verandering word in Efesiërs 4:23 afsonderlik beklemtoon, anders as byvoorbeeld in Kolossense 3:10, en hierdie afsonderlike behandeling van die vernuwing plaas ekstra klem op die proses (O'Brien, 1999: 329). Best (2004: 435) vra ook dat mens spesiaal sal let op die beklemtoning van dié verandering in vers 23 wanneer hy daarop wys dat wanneer die voorvoegsel *ἀνα* in Hellenistiese Grieks gebruik word, dit ten doel het om die betekenis van die werkwoord verder te beklemtoon.

Lincoln (1990: 286) loods 'n dieper ondersoek na die feit dat Paulus hier die saak van vernuwing van die denke as 'n afsonderlike element in sy beredenering hanteer. Só word dan beklemtoon dat gelowiges hier met 'n deurlopende handeling te make het, iets wat Lincoln weer met Romeine 12:2 in verband bring. Wright (2002: 705) wys daarop dat die oproep van Paulus dat die **denke** vernuwe moet word, daarop wys dat die lidmate klaar weer soos heidene begin dink het en dat hulle nou weer daarmee moet breek. Die "nuwe denke" behoort sigbaar te wees daarin dat die "*intellectual deficiences*" van die heidense manier van redeneer iets van die verlede behoort te wees (Perkins, 2000: 429). 'n Verdere aanduiding dat intrinsieke verandering deurvloei na ekstrinsieke verandering.

Sowel Floor (1995: 168) as De Klerk (2001: 80) en Kretzer (1997: 139) gaan verder deur te stel dat die gees van die mens die instrument is waarmee hy/sy met God gemeenskap beoefen, en daarmee saam gee die verstand aan die mens die vermoë om te begryp en te verstaan. Op dié manier beskik die gelowige oor die vermoë om God se plan en doel met hom/haar te verstaan (De Klerk, 2001: 80). Die vernuwing, volgens Floor (1995: 168), begin dus in die geestelike sfeer. Van Leeuwen word deur Floor (1995: 168) aangehaal waar dié verklaar dat "*de dativus 'in die geest van uw gemoed, het gebied aangewezen waar deze vernieuwing of verjongen zich moet voltrekken.*"

Mitton (1981: 165) maak 'n saak daarvoor uit dat dit onnodig is om hier 'n onderskeid tussen "gees" en "verstand" te wil tref, aangesien dié twee aspekte saam die mens se diepste wese verteenwoordig, wat ook verklaar waarom die vernuwing waarvan daar in vers 23 gepraat word, nie bloot 'n bonatuurlike ingryping is nie, maar 'n innerlike kentering waardeur die mens se denke, begeertes, ingesteldheid en waardes onherroeplik nuutgemaak word. Hier word duidelik na intrinsieke verandering verwys.

Phillips (1993: 130) dui op sy beurt die belangrikheid van dié innerlike vernuwing aan wanneer hy daarop wys dat dit die mens se **denke** was wat vanaf die vroegste tye in die paradys deur satan aangeval is, en dat dit slegs danksy die inwoning en inwerking van die Heilige Gees is dat die gelowige die vermoë verkry om nuut te kan dink (Phillips, 1993: 131).

Daar behoort by die gelowige 'n radikale paradigmaverskuiwing plaas te vind tussen wat hy/sy vóór bekering was en wat hy/sy ná bekering geword het (Liefeld, 1997: 114). Só wys Floor (1995: 168) uit dat die Griekse werkwoord wat met "vernuwe" vertaal is, die betekenis van *restaureren* of *renoveren* dra, wat duidelik daarop sinspeel in welke hoë mate die oue deur iets nuuts vervang moet word.

Met vernuwing het Paulus dít in gedagte dat die mens weer héél sal word soos met die skepping deur God aan die begin. Dit is ook die mening van Witherington III (2007: 298), en dan gaan die vernuwing daaroor dat die mens weer vernuwe moet sodat hy/sy die beeld van God kan weerspieël. Hierdie beeldskap behoort dan in die leef- en denkwyse van elke gelowige sigbaar te wees (dit wil sê die verandering omvat sowel intrinsieke as ekstrinsieke aspekte –PF) , sodat hulle nou bloot doen wat in lyn is met dít wat God oorspronklik met Sy skepping van die mens bedoel het – nóg 'n aanduiding daarvan dat dié verandering 'n impak op die mens sal hê wat tot sy/haar voordeel en tot God se eer sal strek.

Hoehner (2002: 607) wys daarop dat die werkwoord *ἀνανεοῦσθαι* in die infinitief geskryf staan en dat dit sowel *"middle"* as *"passive"* is. As dit egter in die "middle"-vorm bedoel was, moes daar 'n *"accusative"* gewees het, wat nie in die onderhawige teksvers aangetref word nie. Dié werkwoord moet dus in sy passiewe betekenis hanteer word.

Die feit dat die werkwoord *ἀνανεοῦσθαι* in die passiewe vorm beskou en hanteer moet word, dui daarop dat hierdie vernuwing nie uit die mens sélf spruit nie, maar dat dit uitsluitlik die werk van die Heilige Gees is (Hodge, 1994: 156; asook Lincoln, 1990: 287). Dié gedagte sluit aan by wat in Efesiërs 2:10 geleer word, waar geskrywe staan: "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Jesus Christus het Hy ons geskep..." (*Die Bybel*, 1983-vertaling).

Phillips (1993: 131) beaam op sy beurt dat dié vernuwingswerk in die besonder die werk van die Heilige Gees is. Hy stel onomwonde dat die Gees *"a new direction to the thought life of a Christian"* bewerk (Phillips, 1993: 131). Die oortuiging dat dit die werk van die Heilige Gees is, word deur Hendriksen onderskryf (1976: 215).

Ook O'Brien (1999: 330) wys daarop dat innerlike vernuwing die werk van die Heilige Gees is. Hy wys daarop dat, danksy die werk van die Heilige Gees (Tit. 3:5), die gelowige algaande vernuwe word na die

beeld van Christus, *"from one degree of glory to another*" (2 Kor. 3:18).

Ter wille van beklemtoning word weer uitgewys dat die vernuwing of verandering van die gees en denke (die innerlike van die gelowige) *"a complete turnabout"* moet wees (Hendriksen, 1976: 213). Dit kan nie maar iets bolangs of lukraak bly nie, maar moet 'n heelhartige verandering meebring (Simpson, 1973: 105). Dit is daarom goed dat Bruce (2008: 1 445) dit hier ophaal, naamlik dat 'n mens nie maar net verbeter of hervorm *("reform")* kan word nie, maar dat hy/sy herskep of wedergebore *("regenerated")* moet word. Só is Van Wyk (2007: 1) reg waar hy in 'n preek daarop wys dat gelowiges nie maar net *"regular*" Christene kan bly nie, maar dat elke gelowige in sy/haar verhouding só moet verander dat hy/sy totaal anders as die wêreld lyk. Daarby wys Van Wyk daarop dat verandering alle aspekte van 'n mens se lewe raak. Dit sou sekerlik geïnterpreteer kan word as sou dit meebring dat intrinsieke verandering sigbaar vir die wêreld behoort te word en wees.

Dit is interessant om in dié verband daarop te let dat die werkwoord *ἀνανεοῦσθαι* in die Griekse teks in die teenwoordige tyd geskryf staan (Liefeld, 1997: 115 en Van Zyl, 2000: 1). Dit is dan tekenend daarvan dat hierdie vernuwing iets is waarin gelowiges lewenslank moet groei en volhard (Floor, 1995: 169). Dit is dus 'n lewenstaak waaraan daar, onder leiding van die Heilige Gees, elke dag gewerk moet word. Gelowiges moet toelaat dat hulle verander, of hulle dan oopstel, sodat hulle deurentyd vernuwe word (Lincoln, 1990: 287 en O'Brien, 1999: 329). Danksy hierdie verandering word lidmate gebring by die feit dat geloof in Jesus inderdaad 'n radikale lewensverandering meebring en voorkom dit dat geloof in Jesus maar net iets is wat gedoen word "saam met 20 ander dinge" (Burger, soos aangehaal deur Potgieter, 2003: 4).

Hierdie deurlopende verandering van die denke staan duidelik in skrille kontras met die *"inceptive act"* ten opsigte van die aflê van die

ou mens (vers 22) en die opneem van die nuwe (vers 24) (Hoehner, 2002: 607).

Hoewel daar sterk uitgewys is dat die vernuwing in die gees en verstand – in die innerlike van die mens – moet begin, word daar ewe sterk aangedui dat dié proses nie daar mag eindig nie, en dat dit in die mens se ganse lewe sigbaar moet raak. Simpson (1973: 106) lewer juis hierop kommentaar wanneer hy sê dat 'n volgeling van Jesus nie met 'n gesuiwerde gees kan loop en dan met heidense voete tevrede kan wees nie. Nog 'n aanduiding daarvan dat die intrinsieke verandering, daar waar die verandering moet begin, sigbaar in so persoon se lewe sal word. Ook Liefeld (1997: 114) beklemtoon dat dié vernuwing meebring dat sondige dade wat tot die dood lei, afgelê moet word, en dat nuwe verhoudings as deel van dié nuwe lewe nagejaag moet word – nóg 'n uitwysing dat dié verandering in 'n gelowige se ganse bestaan en leefwyse moet neerslag vind. Daaruit sal afgelei kan word dat veranderinge waarmee gelowiges op alle terreine te doen het – ook kerklik – by hierdie vernuwing sal moet inpas. Verandering soos sopas uiteengesit val weereens uit in die twee dele, naamlik: verandering van denke wat sigbaar word in hoe nou gelewe word. Daarmee saam sou dit tog seker gestel kan word dat die ekstrinsieke sigbaar word van die verandering ook te doen het met hoe veranderinge waarmee die persoons te doen sou hê in sy/haar lewe, benader en hanteer sou word.

Phillips (1993: 131) raak baie prakties wanneer hy voorskryf dat iemand wat deur die Heilige Gees na gees en verstand vernuwe is, hom/haar selfs daarvan moet weerhou om bepaalde boeke te lees en sekere gesprekke te voer, en dat hy/sy moet kies om sekere stories bloot nie oor te vertel nie. Kortom, die nuutgemaakte mens moet na dese alles met 'n potensieel bose inhoud of konnotasie fisies vermy, sodat sy/haar radikale metamorfose sigbaar deel van sy/haar lewe kan word. So beklemtoon Phillips ook dat verandering wat intrinsiek begin en deurloop na ekstrinsieke verandering.

#### 2.5.2.1 Samevatting

Daar bestaan afdoende bewys dat die vernuwing waarna Efesiërs 4:23 verwys, ten nouste oor die vernuwing van die gelowige se gees en denke, danksy die verlossingswerk van Jesus Christus, handel. Daar is ook bo goeie twyfel vasgestel dat hierdie vernuwing iets is wat God deur sy Gees in die gelowige tot stand bring, en dat dit 'n deurlopende proses is. Voorts is aangedui dat hoewel die vernuwing in die mens se innerlike 'n aanvang neem, dit uiteindelik in sy/haar hele lewe moet manifesteer en uiting vind alvorens die vernuwingsproses voltrek kan word. Daarby is uitgewys dat dié vernuwingsproses 'n lewenslange proses in elke gelowige se lewe behoort te wees.

Wat verder duidelik geword het, is dat hierdie verandering nie bloot 'n keuse is wat die gelowige maar kan of nie kan uitoefen nie. Dit is noodsaaklik dat elke gelowige indringend aan hierdie verandering aandag sal skenk. Dit kan egter net gebeur as die Heilige Gees biddend daarom gevra word, en ongeag die impak wat dit mag hê, moet dit deurlopend in die lewe van elke gelowige sigbaar word. Dit is verder aangetoon dat intrinsiek verandering sigbaar behoort te wees in 'n persoon se nuwe lewe in en deur Jesus Christus.

### 2.6 Samevattende gevolgtrekking vanuit verklarende werke van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23

Geraadpleegde werke oor bogenoemde verse is dit eens dat die verandering en vernuwing van die sondige mens tot 'n bekeerde Christen volledig op die verlossingswerk van Christus berus, en dat dié proses danksy die inwerking van die Heilige Gees geskied. Gelowiges is dus bloot die ontvangers van hierdie genadegawe, en moet die Gees hul lewe lank daarom smeek en daarvoor dank.

Daar is ook uitgewys dat hierdie verandering en vernuwing in die mens se gees en verstand (die innerlike mens) moet begin (intrinsiek verandering – PF)), maar dat dit dan in die gelowige se hele lewe en doen en late neerslag moet vind. Dit is nie iets bolangs of lukraak nie,

maar moet verantwoord aan die wil en Woord van God die nodige aandag geniet.

Ook in hierdie ondersoek van verklarende werke van die brief aan die Romeine asook die brief aan die Efesiërs, het na vore gekom dat verandering intrinsiek moet begin, maar sigbaar moet word daarin dat 'n persoon nie net nuut dink nie, maar 'n nuwe lewe sal lei. Vanuit hierdie nuut wees, moet die lewe benader word. Dit sluit natuurlik ook in hoe die nuwe persoon ekstrinsieke verandering waarvoor hy/sy op enige vlak van die lewe te staan mag kom.

## 2.7 Finale samevattende gevolgtrekkings vanuit die eksegese en verklarende werke oor Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23

"Verandering" en "vernuwing", wat in bepaalde opsigte dieselfde betekenis dra, is iets waartoe elke gelowige danksy die verlossingswerk van God deur sy Seun opgeroep word. Dit is dus nie iets waaroor die gelowige self kan besluit nie, maar spruit uit 'n opdrag waaraan hy/sy gehoorsaam moet wees – die noodsaak daartoe staan dus vas.

Dié verandering of vernuwing kan ondanks die verlossing in en deur Christus nie deur die gelowige self bewerk word nie, maar is 'n proses wat danksy die genade deur die Heilige Gees in die mens bewerk word. Die gelowige moet hom-/haarself egter daarvoor oopstel, en onophoudelik en vuriglik daarvoor bid. Daarby is dit 'n proses waaraan die gelowige sy/haar hele bestaan moet wy. Dit sal op 'n persoon 'n bepaalde impak hê, maar mag nie daaroor vermy of afgeskaal word nie.

Die geraadpleegde werke lewer voorts afdoende bewys daarvan dat hierdie verandering of vernuwing nie iets is wat bloot bolangs mag geskied nie, maar dat dit 'n volledige transformasie behels. Die gelowige mag daarom nie probeer om met 'n paar verskuiwings of regstellings hier en daar weg te kom nie.

Die bekeerling se "nuut word" in Christus kan opsommend aangedui word as 'n proses wat sy ontstaan het in die gees en verstand van die

mens. Dit is intrinsieke verandering. Die verandering sal deurloop daarin dat dit in die mens se dade en optrede sigbaar sal word. Die intrinsieke verandering sal dan seker ook die persoon se hantering van ekstrinsieke veranderinge in die lewe positief kan beïnvloed.

**In die verstaan van verandering gebaseer op wat met hierdie hoofstuk ondersoek en bepaal is, geld wat nou volg.** In die lewe staan alle mense, gelowiges ingesluit, voor ekstrinsieke veranderinge wat deurgewerk en hanteer moet word. Dit moet hanteer word as mense wat innerlike, na denke en gees, vernuwe of verander is (dit is intrinsieke verandering). Hierdie verandering van denke (intrinsiek) behoort neerslag te vind, so is uitgewys, in die wyse waarop 'n persoon optree en doen en lewe. Dit behoort 'n logiese voortvloeiing uit die intrinsieke verandering. Deel van elke gelowige se lewe, is om van daaruit ekstrinsieke veranderinge waarmee hy/sy gekonfronteer staan, reg en as nuwe mense te hanteer en deur te werk.

Gewapen met dít wat in hierdie hoofstuk eksegeties uit Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 oor dié verandering vasgestel is, gaan daar in hoofstuk 3 omgegaan word met dié vraag: Waarom word die opdrag tot **verandering** en **vernuwing van gedagte** spesifiek aan die gemeentes te Rome en Efesiërs gerig? Daarmee saam sal 'n kort kultuurhistoriese ondersoek na verandering in die Bybel onderneem word. Dit word gedoen deur die lewens van 'n paar Bybelse figure te bekyk en só te probeer vasstel hoe verandering hul lewens geraak en beïnvloed het.